BENUT VROUELIDMATE SE GAWES

Die Algemene Taakspan vir Vrouelidmate het na die herstrukturering van die sinode die volgende fokusareas geidentifiseer:

Die taakspan

- Dra medeverantwoordelikheid vir die geestelike begeleiding, -toerusting en -bemagtiging van vrouelidmate
- Dien as skakel met die Algemene Sinode
- Doen navorsing sodat vroue se behoeftes en belange aangespreek word
- Besin oor gemeenskaplike uitdagings en behoeftes ten einde oplossings te vind
- Bevorder skakeling met: vrouelidmate van die NG Kerk familie en ander denominasies,
- Skakel met relevante vroue-organisasies

Die taakspan is tans diep bekommerd oor die manier waarop daar in sekere gemeentes omgegaan word met vroue se diensbaarheid en die feit dat hulle entoesiasme daardeur gedemp word. Vrouelidmate skakel dan by buite instansies in, en die kerk verloor hulle gawes. Dit sal ‘n kwade dag wees indien die kerk sy vrouepotensiaal om hierdie rede verloor!!!

Vroue is deel van die Ligaam van Christus en hulle bydrae moet opnuut waardeer en raakgesien word. Hulle diversiteit dra by tot ‘n nuwe dimensie in die werk van die kerk . Hierdie diversiteit moet optimaal benut word en vroue moet as medewerkers betrokke wees in die genesing en opbou van Suidelike Afrika. Volgens die roepingsverklaring het die kerk haar opnuut verbind tot Suidelike Afrika en moet lidmate aktief, hulle gawes tot beskikking stel en betrokke wees by o.a. versoening, bou van verhoudings, armoede-verligting, nood, vigs, opheffingsprojekte ens. om .’n verskil te maak.

Dit is dus krities belangrik dat daar binne gemeentes ‘n ruimte is waar gawes uitgeleef kan word. Tot op datum dien relatief min vroue op die strukture van die kerk. Alle vroue wil ook nie noodwendig net op strukture dien nie. Die kerk is ook nie primer daar om slegs besluite te neem nie,maar om aktief in die wêreld betrokke te wees. Dienswerk is die taak van elke lidmaat., en daarom moet lidmate hiervoor toegerus word en toegelaat word om hulle gawes uit te leef.

God het vroue as primêre versorgers en met omgee-harte geskape. Daarom vind hulle dit maklik om te help waar nood is. Christen beroepsvroue leef hulle gawes binne raadsale of tussen kollegas uit, terwyl ander vroue verkies om dit meer prakties te doen. Gemeentes besluit self op watter manier vir gawebediening voorsiening gemaak word. Elke lidmaat moet egter weet haar bydrae is belangrik en sy is deel van die Ligaam. Voor God is geen gawe te gering of niemand te oud of te jonk om haar gawe uit te leef nie.

Predikante en kerkrade moet opnuut besin en hulle self afvra of alle lidmate die geleentheid het om hulle gawes uit te leef. Ons moet besef lidmate is mede-vennote wat deur God geroep word en met passie en gawes toegerus word. Die groot uitdaging is om is om lidmate tot hulle volle potensiaal te begelei sodat hulle optimal aktief kan wees in liefdevolle dienswerk !!

Die hele Liggaam van Christus moet ten volle gemobiliseer word indien ons relevant wil wees en werklik ‘n bydrae en verskil wil maak!!!